

HOOFSTUK 1

INLEIDING

INHOUD

- 1.1. ORIËTERING
- 1.2. PROBLEEMSTELLING
- 1.3. DOELSTELLING EN DOELWITTE
- 1.4. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT
- 1.5. UITGANGSPUNTE EN METODE VAN ONDERSOEK
- 1.6. HOOFSTUKINDELING

1.1. ORIËTERING

Die implikasie en spesifiek die dissipelskaps- of navolgingsimplikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging is baie belangrik en noodsaaklik vir elke gelowige in die missionêre kerk¹. Gelowiges is dissipels, dit is navolgers van Jesus. Hulle is nie daar ter wille van hulleself of eie belang nie. Hulle word saam met baie ander mense verlos (Mark 10:45) maar nie om vir hulleself en na binne gerig te lewe nie². Jesus roep elke volgeling om die evangelie van die koninkryk met woord en daad

¹ Alhoewel hierdie proefskrif 'n Nuwe Testamentiese en nie 'n missiologiese studie is nie, word die missionêre roeping van elke gelowige en die plaaslike kerk veronderstel / aanvaar (vgl Bosch, 1991:378 ev; Buys, 1991:3; Kritzinger *et al.*, 1994:44. "In 'n kerk wat waarlik die soewereine koningsheerskappy van die opgestane Here erken, behoort die missionêre motief tot en met die wederkoms van Christus altyd soos 'n goue draad deur die hart van kerkwees te loop, omdat dissipelskap sonder missionêre ywer ondenkbaar is" (Buys, 1989:149). In die Praktiese Teologie het byvoorbeeld Pretorius en De Klerk (2005:155 ev) die implikasies van 'n nadere Skrifgefundeerde definisie van dissipel en dissipelmaking vir gemeentebou ondersoek en die belangrikheid van oa dissipelskap en dissipelmaking beklemtoon.

² 'n Na binnegerigte kerk is nie 'n instrument van God se bedoeling nie (Kritzinger *et al.*, 1994:44). Die vernaamste rede waarom 'n mens op aarde leef en waarom die kerk bestaan, is om God te verheerlik. God het die sondige mensdom lief. In sy oneindige liefde vir sondaars is Hy soos 'n vader wie se hart brand van liefde vir sy verlore seun (Luk 15:11 ev). Vir sy dissipels en daarmee ook vir die kerk van alle tye het Jesus gesê: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook" (Joh 20:21). Die kerk van Christus is 'n gestuurde kerk wat alle mense moet nooi na die bruiloffees (Mat 22:1 ev) (Buys, 1991:3). Hulle is

uit te leef en uit te dra (vgl Buys, 1989:251). Navolging veronderstel diens aan God, medegelowiges en die medemens.

Navolger van Jesus in hierdie wêreld te wees, berus volgens die Evangelies, en spesifiek die Markusevangelie, op Jesus se *διακονία* op pad na Jerusalem en in die lig van die kruis en die opstanding van die Seun van die mens. Die evangelie van Jesus en die koninkryk van God (Mark 1:1,14,15) vind uitdrukking in Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging aan sondaarmense. In die Markusevangelie ontvang Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging ³ aan noodlydendes en gemarginaliseerdes 'n besondere klem. Op pad na Jerusalem en sy kruis en opstanding vat Jesus dit raak saam: **“Want die Seun van die mens ⁴ het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie”** (OAV; Mark 10:45). Jesus se hele lewe en optrede en spesifiek sy sterwe staan in die teken van opofferende diens (vgl Combrink, 1968:37,165). Hy het gekom ter wille van ander: ter wille van God en sodat so baie mense gered kan word en Hom dan kan navolg.

Hierdie sleuteluitspraak in die Markusevangelie (vgl Den Heyer, 1978b:56) word voorafgegaan deur verskeie dissipelskaps- of navolgingsuitsprake onder andere die volgende uitspraak: **“maar so moet dit onder julle nie wees nie, maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen wat onder julle eerste wil word, moet almal se dienskneg wees”** (OAV; Mark 10:43 & 44). Genoemde uitsprake van Jesus (Mark 10:43-45) kom voor in die sogenaamde sentrale dissipelskaps- of navolgingsgedeelte (8:27-10:52) wat Stanton (2004:48 ev) tipeer as

mense van die pad, Jesus se pad en vir diegene langs die pad. Elke dissipel is 'n navolger van Jesus en elke navolger is kerk van Jesus saam met medenavolgers van Jesus.

³ In die Markusevangelie beklee die wonderwerke as daadverkondiging 'n besonder belangrike plek. Die meeste wonderwerke in die Evangelies word in die Markusevangelie beskrywe, waarvan die meeste in die eerste helfte van die Markusevangelie voorkom (vgl Best, 1978:540 ev). Alhoewel die klem in die Markusevangelie sterk op Jesus se lyding val, word Jesus se wonderwerke in die eerste deel eweneens beklemtoon (vgl Engelbrecht, 1983:1).

⁴ Die Seun van die mens-benaming beklee 'n belangrike plek in die Markusevangelie en veral in die sentrale dissipelskapsgedeelte (8:27-10:52). Die verband tussen die “Seun van die mens”-benaming deur Jesus en “Een soos die Seun van 'n mens” (OAV) in Daniël 7:13 ev word in hoofstuk 4 ondersoek. Jesus se “Seun van die mens”-uitsprake gee uitdrukking aan sy paradoksale *διακονία* in woord- en daadverkondiging. Jesus is die Christus, die Seun van God en die Seun van Dawid. Inderdaad 'n heerlikheidsfiguur, maar meer as dit: Hy is ook die Seun van die mens wat moet ly en daarna opstaan. Die verband tussen die lydende en opgestane Seun van die mens en die lydende Dienaar van Jesaja.53 word in hierdie proefskrif in hoofstuk 4 ondersoek.

“die pad van Jesus”⁵ in die Markusevangelie. Die “pad van Jesus” is volgens Jesus en die Markusevangelie ook die pad van sy 12 dissipels, maar dit is ook ’n geloofspad wat deur al sy ander navolgers gevolg behoort te word. Elkeen wat in Jesus glo, is sy navolger.

Die woorde van Jesus oor die doel van sy koms en sy lewe van *διακονία* (Mark 10:45) volg op drie opeenvolgende lydens- en opstandingsaankondigings (8:31; 9:30 ev; 10:32 ev) en daarby aansluitend regstellende onderrig en navolgingsopdragte deur Jesus aan sy dissipels (8:32 ev; 9:33 ev; 10:35 ev), maar ook aan die skare (Mark 8:34 ev). In hierdie uitsprake van Jesus in Markus 8:27-10:52 oor Homself en sy dissipels op pad na Jerusalem en die kruis is dit opvallend watter sentrale plek Jesus aan die diensmotief vir elke dissipel as leiersfiguur, trouens aan al sy navolgers toeken. Die diensmotief speel ’n belangrike rol in Jesus en sy dissipels se woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie en behoort steeds ’n belangrike voorrang onder Christenleiers, trouens in elke navolger se lewe in die plaaslike kerk en in die wêreld, te geniet. Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging is dus die grondslag van en motivering vir die verlossing van sondaars en hulle diens as verlostes wat uitdrukking behoort te vind in lewenslange dissipelskap as navolging. Jesus roep al sy volgelingen om met woord- en daadverkondiging uit te reik en God te dien, maar ook hulle medegeleewiges en medemens, maar veral die geringstes en randfigure in kerk en samelewing in laasgenoemdes se unieke omstandighede te dien totdat Jesus weer kom (Mark 8:38; 9:35-37; 10:43-45,46,52; 13:26 ev; 14:61, 62).

1.2. PROBLEEMSTELLING

Die twaalf dissipels was bevoorreg om ’n geruime tyd saam met Jesus deur te bring en sy *διακονία* in woord- en daadverkondiging te ontvang en te beleef. Ten spyte hiervan het die dissipels as sondige mense en feilbare volgelingen Jesus en sy *διακονία* in woord- en daadverkondiging dikwels verkeerd verstaan. Hulle het voor die kruisiging en opstanding nie verstaan waarom Jesus Homself die lydende en dienende Seun van die mens noem en veral waarom Hy moes sterwe nie. Eers na die kruisiging en opstanding van Jesus sou sy dissipels en sy ander navolgers Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging en die implikasie hiervan vir elkeen van sy navolgers beter verstaan.

⁵ Die “pad van Jesus” is egter nie beperk tot Markus 8:27-10:52 (die sogenaamd sentrale dissipelskapsgedeelte) nie, maar sluit die hele Markusevangelie in waarin Jesus se hele *διακονία* en die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging aan die orde kom.

Die dissipels het die dinge van die mense in plaas van die dinge van God bedink. Hulle was meer begaan oor hulleself en eie belang as oor die *διακονία* van Jesus en hulle navolging van Hom (vgl Mark 8:33; 9:33 ev; 10:35-42). Al het die dissipels reeds in Hom geglo, Jesus eers sy diens volbring. Eers moes die beslissende gebeure van Jesus se kruisiging en opstanding plaasvind (8:31; 9:31; 10:32-35, 45) (vgl Matera, 1986:65). Net soos destyds in die geval van die dissipels verstaan baie Christene steeds nie die verband tussen Jesus se *διακονία* wat sy hoogtepunt bereik in sy verlossingswerk aan die kruis en sy opstanding en hulle eie navolging van Hom nie. Baie Christene bedink steeds die dinge van die mense in plaas van die dinge van God. Soveel Christene is steeds nie bereid om Jesus te volg deur God, hulle medegelowiges, hulle medemens en veral die geringstes en noodlydendes in kerk en samelewing in nederigheid selfopofferend te dien nie.

Navorsers verskil oor die funksie wat die dikwels negatiewe voorstelling van die dissipels in die Markusevangelie vervul. Sommige navorsers (Weeden, 1968:145; 1971:99 ev; 163; Tyson, 1961:261 ev) skryf dit aan 'n polemiese doel toe, terwyl ander navorsers (Best, 1981:11 ev; 1988:51 ev; Kingsbury, 1989b:90 ev) dit weer aan 'n pastorale doel toeskryf. In hierdie ondersoek word aangetoon dat daar 'n verband getrek kan word tussen Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging en die dikwels negatiewe voorstelling van die dissipels in die Markusevangelie. Die gebrekkige insig, selfsugtige en sondige gesindheid en optrede van die dissipels word juis vanuit Jesus se volmaakte verlossingswerk as deel van sy *διακονία* in woord- en daadverkondiging belig ten einde elke navolger van Jesus se verlossing en diens in die koninkryk van God te beklemtoon. Die negatiewe voorstelling van die dissipels word in die verkondiging in die Markusevangelie gebruik om die geadresseerdes tot positiewe navolging van Jesus aan te spoor. Hierdie boodskap is ná die kruis- en opstandingsgebeure steeds van toepassing op die geadresseerdes wat vandag hierdie Evangelie van verlossing en navolging lees en glo. Die weg van Jesus en die weg van sy navolgers word onderskei, maar dit vorm ook 'n eenheid al verskil die konteks van die geadresseerdes van dié van die dissipels.

In soveel plaaslike kerke en in die daaglikse lewe en optrede van talle Christene word die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging geringgeskat, geïgnoreer of buite rekening gelaat. Dit het tot gevolg dat die evangelie van die koninkryk nie uitgeleef en uitgedra word aan so baie mense vir wie Jesus sy lewe gegee het nie. Daar word nie uitgereik na soveel verlore nes langs Jesus en sy volgelinge se pad nie. Soveel Christene in plaaslike gemeentes, ook Christenleiers onder andere in die besondere dienste, streef selfhandhawing in plaas van selfverloëning na en is glad

nie bereid om elkeen hulle eie kruis te dra en so vir Jesus te volg nie. Tussen Christene van verskillende plaaslike kerke en kerkverbande asook teenoor buitelanders / die medemens ontbreek die dienaargesinde van Jesus dikwels. Daar kan verkeerdelik gedink word dat bekering tot en geloof in God en Jesus sonder navolging as Christelike diens moontlik is. Hierdie verkeerde siening tipeer Hull (2006:41) as Christenskap *sonder dissipelskap*⁶. 'n Verskraling van Christenskap tot bloot vergewing van sondes, 'n skeiding van regverdigmaking en heiligmaking en 'n beperking van geloof tot blote verstandgodsdien in plaas daarvan dat dit 'n lewenswyse en lewensroeping en lewensdiens is, is 'n groot gevaar in die kerk (vgl Hull, 2006:41 ev) en die koninkryk van God.

Nie alleen die *διακονία* van Jesus in woord- en daadverkondiging en die verlossingsimplikasie daarvan moet ernstig opgeneem word nie, maar ook die navolgingsimplikasie daarvan vir elke navolger en die medemens. Elke navolger moet

⁶ "The church culture in the Global North – along with Australia, New Zealand and South Africa – has largely accepted the idea of *non-discipleship Christianity*. People can be Christians without making any effort to submit to and follow Christ" (Hull, 2006:41 ev). Die bekende uitspraak van Bonhoeffer (2003:53, 59) oor die implikasie van die Christologie vir dissipelskap en die verband tussen Christologie en dissipelskap verdien vermelding: "Christianity without discipleship is always Christianity without Christ". Alhoewel hierdie woorde van Bonhoeffer debatteerbaar is, moet dit in konteks gelees word. Dit bevat 'n belangrike waarheidselement, naamlik dat die wesenseienskap van die Christelike lewe en dissipelskap is om jou met Jesus te vereenselwig en Hom as gekruisigde wat opgestaan het en weer kom, te volg. Jesus het dissipelskap of navolging in die koninkryk van God gedefinieer as jouself verloën, jou kruis dra en Jesus volg (vgl Mark 8:34 ev par. Mat 16: 24 ev; Luk 9:23 ev; vgl Hull, 2006:107).

Die waarskuwing van Bonhoeffer (1948:47 ev; 2003:53) aan sy medechristene in die Lutherse kerk teen sogenaamd "goedkoop genade" in plaas van "duur genade" is ter sake: "We as Lutherans have gathered like eagles round the carcass of cheap grace and we have drunk of the poison which has killed the life of following Jesus". Die koste van dissipelskap bring 'n gewilligheid mee om alles agter te laat en Jesus te volg waar Hy ook al lei. Goedkoop genade is dissipelskap se bitterste vyand, want dit maak 'n lewe van bekering opsioneel (Hull, 2006:108). Ons moet nooit goedkoop maak wat vir God kosbaar was nie. Dit kan alleen gebeur as die onlosmaaklike verhouding tussen genade en dissipelskap gehandhaaf word (Bonhoeffer, 2003:54 ev). Die volgende uitspraak van Hull (2006:108) verdien vermelding: "No timid responses to what cost everything to Christ! Our response should be discipleship – our lives, our all" (Hull, 2006:108). Hiermee word saamgestem. Die prys van ons en oneindig baie mense se verlossing was geweldig hoog, niks minder nie as Jesus se lewe aan die kruis. Daarom moet die koste van navolging deur elkeen wat in Jesus glo bereken word. Die koste van navolging is geweldig hoog. Bekering tot en geloof in Jesus impliseer dissipelskap of navolging. Jesus eis ons hele lewe vir God en sy diens op.

dit uitleef en dit aan medechristene en aan alle mense in fisiese en geestelike nood verkondig. Gebrekkige dissipelskap as navolging kan tot passiwiteit en onbetrokkenheid lei teenoor medechristene en die medemens in fisiese en geestelike of sosiale nood. Dit kan tot gevolg hê dat Christene nie begaan is oor die fisiese, geestelike en sosiale nood van die medemens nie, bevooroordeeld teenoor hulle medemens staan in plaas van ontvanklik en gereed staan en betrokke raak, afsydig, agterdogtig, liefdeloos en selfs vyandig staan en dan nie uitreik na almal binne die kerk maar ook buite die kerk wat nog die evangelie moet hoor en gered moet word nie. Jesus het sy dissipels geroep om navolgende dissipels te wees wat weer dissipels moes maak (Mark 1:17) wat elkeen weer 'n navolger van Jesus moes word (8:34 ev). Jesus het gekom om te dien. Deur sy diens verlos Hy sondaarmense, maar Hy doen dit met 'n doel. Hy maak sy volgelinge bereid om Hom selfopofferend te volg deur te dien (9:33 ev; 10:35 ev). Elkeen wat Hy verlos, ook die geringstes en noodlydende randfigure in die kerk en samelewing maak Hy sy dienende navolgers. Hy roep hulle almal. Hy stuur elkeen om Hom te volg deur met 'n liefdevolle bewoënhed teenoor almal hulle medegelowiges en medemens te dien en so vir Jesus en God self te dien.

In hierdie studie word die onbegrip of geestelike blindheid van die dissipels op pad na die kruis in die lig van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging ondersoek en gevra na die perspektief wat dit vir die geadresseerdes van die Markusevangelie bied. Jesus beklemtoon nie net sy eie selfopofferende diens as Verlosser nie, maar onlosmaaklik daarmee saam en daaruit voortspruitend ook hoedat elkeen van sy volgelinge Hom, die lydende en dienende Seun van die mens moet navolg deur selfopofferende, gehoorsame liefdesdiens. Die antwoord op die dikwels negatiewe voorstelling van die dissipels in die Sinoptiese evangelies en spesifiek in die Markusevangelie word dus in die lig van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging gesoek en die navolgingsimplikasie wat daaruit voortspruit. Die regstellende onderrig of verkondiging van Jesus aan sy dissipels op pad na die kruis en opstanding maak 'n belangrike deel uit van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging en werp lig op die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie.

In die lig hiervan is die hoofnavorsingsvraag: **Wat is die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie?**

Ten einde hierdie vraag te kan beantwoord word die volgende subprobleemstellings aan die orde gestel:

- Wat is die stand van navorsing ten opsigte van die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie?
- Wat is die relevansie van die sosiohistoriese en literêre konteks van die Markusevangelie vir die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie?
- Wat is die relevansie van die openbaringshistoriese konteks van die “Seun van die mens”-uitsprake in Markus 8:27-10:52 vir die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie?
- Wat is die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27 – 10:52?
- Wat is die sentrale bevinding ten opsigte van die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27 – 10:52?

1.3. DOELSTELLING EN DOELWITTE

Die doelstelling van hierdie studie is om die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie vas te stel.

Om hierdie doel te bereik word die volgende doelwitte vir hierdie ondersoek gestel:

- Om **die stand van navorsing** ten opsigte van die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie te bepaal.
- Om die relevansie van **die sosiohistoriese en literêre konteks** vir die vasstelling van die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie te bepaal.
- Om die relevansie van **die openbaringshistoriese konteks** van die “Seun van die mens”-uitsprake in Markus 8:27-10:52 vir die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging te bepaal.
- Om **die implikasie** van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27-10:52 te bepaal.
- Om **die hermeneutiese implikasie** van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27-10:52 te bepaal.

1.4. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die Markusevangelie, met spesifieke verwysing na die sentrale dissipelskapgedeelte (8:27-10:52), belangrike perspektiewe bied op die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging vir elkeen van Jesus se volgelinge en hoe hulle elkeen in navolging van Jesus aan God en sy koninkryk diensbaar behoort te wees. Hierdie navolgingsdiens sluit ook die uitreik na medechristene en die medemens in hierdie wêreld in sodat laasgenoemde gehelp en gered kan word. **Soos Jesus sondaarmense op 'n unieke wyse in woord- en daadverkondiging tot die dood gedien het, behoort elkeen van sy navolgers Hom en mekaar, maar ook hulle medemens, met spesifieke verwysing na die noodlydendes en gemarginaliseerdes, met woord- en daadverkondiging met hulle lewe te dien.**

1.5. UITGANGSPUNTE EN METODE VAN ONDERSOEK

1.5.1. Uitgangspunte

Ten aanvang word twee belangrike uitgangspunte, naamlik die gereformeerde Skrifbeskouing en die onmisbare werking van die Heilige Gees, in die uitleg van die Heilige Skrif vir hierdie ondersoek aan die orde gestel. Dit word opgevolg met die metode van ondersoek wat in hierdie proefskrif gevolg word.

1.5.1.1. Gereformeerde Skrifbeskouing

In hierdie studie word uitgegaan van 'n gereformeerde Skrifbeskouing (Jordaan, 1991:14; Janse van Rensburg, 1994:4 ev; Coetzee *et al.* 1980:17 ev). Wat die teksbeskouing betref, word aanvaar dat die teks self betekenis het. Dit is die verantwoordelikheid van die interpreteerder om deur middel van geldige wetenskaplike metodes en met die uiteensetting van sy of haar vooronderstellings daarna te streef om die boodskap van die teks te formuleer (Janse van Rensburg, 1994:4 ev).

Anders as wat die geval is by Elliott (1990:21), word aanvaar dat die boeke van die Nuwe Testament veel meer is as net die produk van of 'n bydrae tot 'n wordende sosiale wêreld (Janse van Rensburg, 2000:574). Hierdie boeke, soos dié van die Ou Testament, is organies deur die Heilige Gees geïnspireer (Janse van Rensburg & Kruger, 2008:35 ev). Die Markusevangelie word ontleed as deel van die Nuwe-Testamentiese kanon wat gesagvol deur God daargestel is (NGB, 2003: art 3-7; vgl Janse van Rensburg, 2000:574). Die boeke van die Bybel, waarvan die Markusevangelie deel uitmaak, word

nie as tydgebonde nie, maar as tydgerig beskou, met gesagvolle en rigtinggewende implikasie vir Christene vandag (Coetzee *et al.*, 1980:17). Die unieke karakter van die Markusevangelie as een van die Sinoptiese Evangelies wat in samehang met die Johannesevangelie en die ander 'boeke' in die Ou en Nuwe Testament deel uitmaak van die kanon, word aanvaar.

1.5.1.2. Die onmisbare werk van die Heilige Gees

In die uitleg van die Skrif is die rol van die Heilige Gees deurslaggewend. Die Heilige Gees is die Ingewer en die Uitlegger van die Skrif⁷.

1.5.2. Metode van ondersoek

Metodologies word hoofsaaklik met die Markusevangelie as oorgelewerde teks binne 'n bepaalde historiese verband of konteks gewerk. Buitebybelse faktore word wel in sekondêre sin betrek waar dit lig werp op die teks, maar die primêre uitgangspunt is dat die teks van die Markusevangelie as normatiewe teks die deurslag behoort te gee.

In hierdie proefskrif word van die grammaties-historiese metode (Roberts, 1984:64; Deist & Burden, 1983:111 ev) waarby die sosiohistoriese metode (Malherbe, 1983; Stambaugh & Balch, 1986; Garrett, 1992:89 ev; Janse van Rensburg, 2000:564 ev) en openbaringshistoriese metode (Helberg, 1976:1 ev; 1988:1 ev; Van der Walt, 2006:21

⁷ "1. Wie opreg bely dat die hele Skrif 'deur God ingege' is of dan 'deur God geadem' is (*theopneustos*, 2 Tim 3:16) en dat die Bybelskrywers 'deur die Gees gedrywe' (*hupo pneustos hagiou feromenoi*, 2 Pet 1:21) is, moet daarmee nie alleen erken dat die Heilige Gees die Inspirator van die Skrif is nie, maar dat die Gees ook die eintlike en onmisbare Eksêgeet van die Skrif is. Dié Bybelskrywer is ook dié Bybelverklaarder. Die Heilige Gees is dié Eksegeet van die Skrif (bv Joh 14:25-26; 16:12-13; Rom 8:5-7; 1 Kor 2:10-16). God laat nie net sy verlossingsdade in die geskiedenis plaasvind nie, maar sorg ook deur sy Gees dat ons 'n betroubare berig daarvoor ontvang en – deur dieselfde Heilige Gees – dat ons ook die berig reg verstaan.

2. Die geheimenisse van God kan alleen reg verstaan word deur mense in soverre hulle genadiglik verlig is deur die Heilige Gees. Dit is die Heilige Gees wat die hart van die mens moet sagmaak, die ore moet deurboor en die oë moet oopmaak om die Bybel te verstaan. Die Gees tree in die proses van verstaan van die Bybel op as die eintlike Skrifverklaarder. Daarom vereis egte eksegese en hermeneuse, waarin gepeil word wat die Gees vir die gemeente (en vir die wêreld; byvoeging tussen hakies deur G.J. van Wyk) wil sê, volle *kongenialiteit* tussen die eksegeet en die teks voor hom – die kongenialiteit van dieselfde Gees wat beide teks en eksegeet dra!

3. In die lig van bogenoemde vereis ware hermeneuse inderdaad *biddende hermeneute!*" (Coetzee *et al.*, 1980:21; vgl Janse van Rensburg & Kruger, 2008:35 ev; 106 ev).

ev; Jordaan, 2002) ingesluit is, gebruik gemaak, terwyl die navorsingsresultate van verskillende metodes eklekties toegepas word.

- 'n Literatuurstudie word onderneem om die stand van navorsing ten opsigte van die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie vas te stel.
- 'n Sosiohistoriese en literêre studie word onderneem om die relevansie van die sosiohistoriese en literêre konteks vas te stel vir die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie.
- 'n Openbaringshistoriese studie word onderneem om die relevansie van die Openbaringshistoriese konteks van die "Seun van die mens"-uitsprake in Markus 8:27-10:52 vir die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie vas te stel.
- 'n Grammaties-historiese studie word onderneem om die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27-10:52 vas te stel.
- Op grond van die navorsingsresultate wat deur middel van die Grammaties-historiese metode uit die Markusevangelie verkry word, word die hermeneutiese implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie bepaal en op die navolging en diens van elke Christen in die plaaslike kerk betrek, ook ten opsigte van so baie mense wat nog van Jesus moet hoor, gehelp en gered moet word en sy navolgers moet wees.

1.6. HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1: Inleiding.

Hoofstuk 2: Stand van navorsing oor die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie.

Hoofstuk 3: Die sosiohistoriese en literêre konteks van die Markusevangelie.

Hoofstuk 4: Die openbaringshistoriese konteks van die "Seun van die mens"-uitsprake in Markus 8:27 – 10:52.

Hoofstuk 5: Die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in Markus 8:27 – 10:52.

Hoofstuk 6: Gevolgtrekking: die implikasie van Jesus se *διακονία* in woord- en daadverkondiging in die Markusevangelie.